FEEDTEK

# FOKUS

201610

# FEEDTEK CHOCGRAIN 69

## DIE VEELSYDIGSTE VOERKONSENTRAAT OOIT!




## WAT IS FEEDTEK CHOCGRAIN 69?

**Chocgrain 69 is 'n melassepoeier gebasseerde proteien mineraal vitamien konsentraat met verskeie unieke eienskappe en gepaardgaande voordele.**

- Mees gekonsentreerde sjokeladegraan konsentraat op die mark – beteken dus die laagste vervoerkoste per eenheid voedingstof. Geen goedkoop draers of vog word oor lang afstande aangery nie
- Is melassepoeier gebaseer – saam met die gebluste kalk is dit nie net 'n uitstekende kleefmiddel nie, maar vorm ook 'n lagie bo-op los lekke om dit teen windverliese te beskerm
- Bevat gebluste kalk – is nie net by verre die beste kleefmiddel nie, maar het ook buffer eienskappe
- Bevat nie proteïen stikstofbronne in die korrekte verhouding met swael vir optimum benutting van veld en ander ruvoerbronne
- Bevat 'n ionofoor en sinkbasitrasien – voorkom verteringsteurnisse en verbeter voeromset
- Bevat ammoniumsoute – verhoed die vorming van blaasstene by kleinvee op hoë kragvoer rantsoene
- Bevat 'n volle spektrum vitamiene insluitend vitamiene A, D, E, B1 en Niasien. Hierdie vitamiene speel 'n integrale rol in vrugbaarheid en weerstand teen siektes
- Word verpak in 20 kg sakke vir gemaklike hantering en vermenging van kleiner hoeveelhede voer sonder om sakke uit te weeg.

## WAARVOOR KAN CHOCGRAIN 69 GEBRUIK WORD?

**Vanweë die unieke samestelling en eienskappe van Chocgrain 69 het dit 'n magdom gebruike insluitend:**

- Verrykte heelgrane vir energie aanvulling
- Prikkelvoeding van kleinvee voor en tydens paring
- Kruipvoere vir lammers
- Afronding van beide beeste en skape op veld en in krale
- Lekke vir afge-oesde lande
- Tuisgemaakte lekblokke.

### Verrykte heelgrane (sjokolade graan)

#### Menginstruksies

| Grondstof | Mengsel 1 | Mengsel 2 |
|---|---|---|
| Heelgraan | 900 kg | 850 kg |
| Oliekoekmeel | | 50 kg |
| Water | 50 kg | 50 kg |
| Chocgrain 69 | 60 kg | 60 kg |

Strooi graan op harde oppervlak, benat met water, strooi Choc Grain (en oliekoekmeel) bo-oor, meng deur en laat staan om te droog voor versak. Verrykte heelgrane kan ook in 'n voermenger of mengwa gemeng word. Dit moet onmiddelik na vermenging uitgetap word om te droog.

#### Voerinstruksies

- Gebruik mengsel 2 vir jonger diere wat 'n groter behoefte vir deurvloeiproteïene het
- Voer 200 – 300g/dag as energie aanvulling vir kleinvee op weiding en as prikkelvoer vir ooie voor en tydens die paarseisoen
- Vir afronding van kleinvee pas diere geleidelik aan op hierdie kragvoer deur op dag 1 te begin met 0,5% van lewende massa en dit daagliks met 0,5% te vermeerder tot daar graan oorbly in bakke. Voldoende voerkripspasie tydens hierdie periode is baie belangrik
- Voorsien ten alle tye addisionele ruvoer of weiding saam met graan vir afronding
- Hou voerbakke ten alle tye vol na aanpassing
- Dit is beter om meer as eenmaal per dag te voer – hoe meer kere per dag hoe beter.

### Kruipvoer vir lammers

Chocgrain 69 is absoluut ideaal vir 'n kruipvoer omrede dit buffers, 'n ionofoor en sink basitrasien asook 'n volle reeks spoorminerale en vitamiene bevat. Dit voorkom dus opblaas, suurpens en koksidiose en lei tot sterk gesonde lammers.

#### Menginstruksies

| Grondstof | Kruipvoer |
|---|---|
| Gemaalde graan | 850 kg |
| Oliekoekmeel | 100 kg |
| Chocgrain 69 | 60 kg |



#### Voerinstruksies

Voer onbeperk aan lammers vanaf 14 dae na aanvang van die lamseisoen in kruiphokke sonder om toegang te gee vir die ooie.

### Afronding van beeste en skape

#### Menginstruksies

| Grondstof | Afrondmeel Skape | Vol Afrond Skape | Afrondmeel Beeste | Vol Afrond Beeste |
|---|---|---|---|---|
| Gemaalde graan | 700 kg | 500 kg | 750 kg | 700 kg |
| Oliekoekmeel | 50 kg | 50 kg | | |
| Gemaalde ruvoer | | 400 kg | | 250 kg |
| Chocgrain 69 | 60 kg | 60 kg | 60 kg | 60 kg |

## Voerinstruksies

### Afrondmele

- Pas diere geleidelik aan op hierdie kragvoer deur op dag 1 te begin met 0,5% van lewende massa en dit daagliks met 0,5% te vermeerder tot daar graan oorbly in bakke. Voldoende voerkripspasie tydens hierdie periode is baie belangrik
- Voorsien ten alle tye addisionele ruvoer of weiding saam met afrondmeel
- Hou voerbakke ten alle tye vol na aanpassing
- Dit is beter om meer as eenmaal per dag te voer – hoe meer kere per dag hoe beter.

### Volledige afrondvoere

- Pas diere geleidelik aan op hierdie voere deur op dag 1 te begin met 0,5% van lewende massa en dit daagliks met 0,5% te vermeerder tot daar graan oorbly in bakke. Voldoende voerkripspasie tydens hierdie periode is baie belangrik. Addisionele ruvoer moet onbeperk beskikbaar wees tydens hierdie periode
- Ruvoer moet redelik fyn gemaal word om uitsoek van kragvoer te verhoed
- Hou voerbakke ten alle tye vol na aanpassing
- Dit is beter om meer as eenmaal per dag te voer – hoe meer kere per dag hoe beter.

## Lekke vir afge-oesde lande

Chocgrain 69 is absoluut ideaal vir die meng van lekke vir afge-oesde lande omrede dit gebluste kalk,'n ionofoor en sink basitrasien asook amoniumsoute bevat. Dit voorkom dus suurpens, opblaas asook blaasstene (by kleinvee), wat algemene probleme is op afgeoesde lande.

## Menginstruksies

| Grondstof | Beeste | Skape |
|---|---|---|
| Gemaalde graan | 400 kg | 400 kg |
| Oliekoekmeel | | 100 kg |
| Sout | 250 kg | 200 kg |
| Chocgrain 69 | 360 kg | 300 kg |
| **Inname (g/dag)** | **600 - 900** | **100 - 150** |



## Voerinstruksies

Vir die beste innamebeheer behoort lekke onbeperk uitgesit te word. Indien waargenome lekinnames na 14 dae heelwat verskil van aanbevole innames, kan lekformulasies aangepas word. Kontak 'n Feedtek veekundige in hierdie verband. Sorg vir voldoende lekbakspasie. Voldoende ruvoer moet ten alle tye onbeperk beskikbaar wees.

## Lekke vir uitgroei en afronding van vee op veldweiding

## Menginstruksies

| Grondstof | Produksielek | Energielek | Veldgroeimeel |
|---|---|---|---|
| Gemaalde graan | 300 kg | 600 kg | 800 kg |
| Oliekoekmeel | 100 kg | 50 kg | |
| Sout | 250 kg | 150 kg | 100 kg |
| Dikalsiumfosfaat | 50 kg | 25 kg | |
| Chocgrain 69 | 300 kg | 150 kg | 120 kg |
| **Inname (g/dag) - beeste** | **600 - 900** | **1000 - 1500** | **1500 - 2000** |
| **Inname (g/dag) - skape** | **100 - 150** | **200 - 300** | **300 - 400** |

## Voerinstruksies

Vir die beste innamebeheer behoort lekke onbeperk uitgesit te word. Indien waargenome lekinnames na 14 dae heelwat verskil van aanbevole innames, kan lekformulasies aangepas word. Kontak 'n Feedtek veekundige in hierdie verband. Sorg vir voldoende lekbakspasie. Voldoende ruvoer moet ten alle tye onbeperk beskikbaar wees.

**Toepassing van lekke**

| | |
|---|---|
| Produksielek: | Vir matige uitgroei van vervangingsdiere en manlike diere<br>Is ook ideaal vir handhawing van kondisie by lakterende diere |
| Energielek: | Vir voldoende uitgroei van vervangingsdiere en manlike diere<br>Vir prikkelvoeding van ooie voor en tydens paring |
| Veldgroeimeel: | Vir veldafronding van manlike diere |



## Tuisgemaakte lekblokke

### Menginstruksies

| Grondstof | Proteïenblok | Energieblok |
|---|---|---|
| Gemaalde graan | 300 kg | 600 kg |
| Oliekoekmeel | 100 kg | 50 kg |
| Sout | 250 kg | 150 kg |
| Dikalsiumfosfaat | 50 kg | 25 kg |
| Chocgrain 69 | 300 kg | 150 kg |
| Water | 100 kg | 100 kg |
| **Inname (g/dag) - beeste** | **600 - 900** | **1000 - 1500** |
| **Inname (g/dag) - skape** | **100 - 150** | **200 - 300** |

Meng al die droë bestandele insluitend die Chocgrain 69 goed saam. Voeg dan die water by, meng deur en stamp vas in halwe dromme of ou lekblokbakke. Laat staan vir 'n paar dae om te verhard.

### Voerinstruksies

Vir die beste innamebeheer behoort lekblokke onbeperk uitgesit te word. Indien waargenome lekinnames na 14 dae heelwat verskil van aanbevole innames, kan lekformulasies aangepas word. Kontak 'n Feedtek veekundige in hierdie verband. Sorg vir voldoende lekbakspasie. Voldoende ruvoer moet ten alle tye onbeperk beskikbaar wees.

## Algemeen

- Sodra Chocgrain 69 in aanraking kom met vog, is daar 'n ammoniak reuk wat waargeneem word weens vervlugtiging van ammoniumsoute in die teenwoordigheid van kalk en vog. Alhoewel die reuk soms skerp kan wees is die verlies aan ammoniak geweldig klein. Meng dus altyd mengsels waarin water bygevoeg word in goed geventileerde areas.

## Waarskuwings

- Chocgrain 69 bevat 'n ionofoor en mag dus nie vir perde gevoer word nie
- Chocgrain 69 bevat nie proteïen stikstof (NPN) en mag dus nie aan perde gevoer word nie
- Lees asseblief die NPN waarskuwing op die saketiket vir belangrike inligting rondom die korrekte aanwending van produkte wat NPN bevat

Vir enige verdere navrae oor hierdie of ander Feedtek produkte kontak gerus vir Feedtek by 086 111 5362.
Chocgrain 69 registrasienommer (Wet 36/1947): V16147